


Wat is die prosesveiligheidsrisiko?

Januarie 2015

Die November en Desember uitgawes van die Process Safety Beacon herdenk die die 30 ste verjaarsdag van die twee mees katastrofiese industriële rampe in die geskiedenis – Die onploffings en brande van November 1984 by die vloeibare petroleumgas terminaal in San Juan Ixhuatepec, Mexico City (1) en die Desember 1984 giftige gas vrylating in Bhopal, Indie.(2) Hierdie katastrofes het die lewens van duisende mense geaffekteer. Die dele in die Beacons wat verwys na “Wat kan jy doen” moedig jou aan om die ergste dinge wat op jou aanleg kan gebeur te verstaan, en ook jou rol om dit te voorkom.

Jy moet ook weet dat die ergste insident wat kan gebeur nie noodwendig die hoogste risiko is nie. Risiko is ‘n kombinasie van die waarskynlikheid en die moontlike impak van die insident. (3) Die proses insident op jou aanleg met die hoogste moontlike impak het dalk ‘n lae waarskynlikheid. Ander potensiele insidente met laer impak het dalk ‘n hoër waarskynlikheid en is dalk ‘n hoër risiko as die insident met die hoogste impak. Jy moet verstaan wat die proses veiligheidsrisiko’s op jou aanleg is, en ook wat jou rol moet wees om dit te voorkom.



Wat kan jy doen?

Vra vrae oor al die prosesveiligheidsrisiko’s in jou aanleg, soos die wat voorgestel is in die Beacon van Desember 2014:

- ❖ Wat is die prosesveiligheidsrisiko’s in die area waar ek werk, en ook in my werk?
- ❖ Watter sisteme is daar om die risiko’s te bestuur – voorkomend sowel as sisteme om die impak te verminder as dit wel gebeur.
- ❖ Hoe weet ek of die sisteme voldoende is en of hulle werk?
- ❖ Wat is my rol om te verseker dat die sisteme vir die bestuur van prosesveiligheidsrisiko’s in my aanleg behoorlik werk?

Verstaan al die prosesrisiko’s van jou aanleg en jou rol om dit te voorkom!